**SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

**NO. 340** **07 APRIL 2017**

**KENNISGEWING UITGEVAARDIG INGEVOLGE PARAGRAAF 14(3)*(a)* VAN DIE VIERDE BYLAE BY DIE INKOMSTEBELASTINGWET, 1962 (WET NO. 58 VAN 1962), ARTIKEL 8(2A) VAN DIE "UNEMPLOYMENT INSURANCE CONTRIBUTIONS ACT, 2002" (WET NO. 4 VAN 2002), EN ARTIKEL 6(2A) VAN DIE "SKILLS DEVELOPMENT LEVIES ACT, 1999" (WET NO. 9 VAN 1999), WAT DIE DATUM VOORSKRYF WAARTEEN 'N WERKGEWER 'N OPGAWE SOOS VOORGESKRYF IN DAARDIE PARAGRAAF EN ARTIKELS MOET INDIEN**

Kragtens die bevoegdheid aan my verleen ingevolge paragraaf 14(3)*(a)* van die Vierde Bylae by die Inkomstebelastingwet, 1962 (Wet No. 58 van 1962), artikel 8(2A) van die "Unemployment Insurance Contributions Act, 2002" (Wet No. 4 van 2002), en artikel 6(2A) van die "Skills Development Levies Act, 1999" (Wet No. 9 van 1999), bepaal, ek, Thomas Swabihi Moyane, Kommissaris vir die Suid-Afrikaanse Inkomstediens, hiermee, dat die opgawe vir werkgewers (EMP 501) vir die tydperk—

*(a)* 1 Maart 2016 tot 28 Februarie 2017, voor of op 31 Mei 2017 ingedien moet word; en

*(b)* 1 Maart 2017 tot 31 Augustus 2017, voor of op 31 Oktober 2017 ingedien moet word.

**T S MOYANE**
**KOMMISSARIS VIR DIE SUID-AFRIKAANSE INKOMSTEDIENS**

This gazette is also available free online at www.gpwonline.co.za